# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

19 Februarie 2019

**OMSENDBRIEF 4/2019**

## INDIEN VAN BELASTINGOPGAWES [IT12EI]

**Aan alle skribas en leraars**

Die Gemeenskaplike Kerkkantoor het die afgelope week ŉ aantal navrae vanuit gemeentes ontvang, dit nadat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) skrywes uitgestuur het na gemeentes wie se belastingopgawes nie ingedien is nie. Hierdie is ŉ baie belangrike saak wat vereis dat elke kerkraad sal moet seker maak dat hulle opgawes wel op datum is, aangesien die skrywe van die SAID dit duidelik maak dat dit ŉ kriminele oortreding is. Die verantwoordelike persone binne elke gemeente staar dus vervolging in die gesig indien hulle nie aan die vereistes voldoen het nie. Ongelukkig kan die Gemeenskaplike Kerkkantoor nie hierdie saak namens kerkrade hanteer nie, aangesien die SAID slegs korrespondeer met die verantwoordelike persone wat hulle op rekord het.

Dit wil nou blyk dat sommige gemeentes nie ag geslaan het op Omsendskrywe 9/2015, gedateer 22/09/2015 nie. Die wrange vrugte daarvan word nou gepluk. Vir u gerief word ŉ afskrif van daardie skrywe weer hierby aangeheg, en ook ŉ afskrif van die skrywe wat deur die SAID uitgestuur word aan gemeentes wie se belastingopgawes nie ingedien is nie.

Ons versoek kerkrade om derhalwe dringend seker te maak van die stand van u belastingopgawes en om ook die kontakinligting van die verantwoordelike ampsdraers by die SAID op te dateer.

*Vriendelike groete*

**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

# Afrikaanse Protestantse Kerk

*Rig alle korrespondensie aan die Direkteur van Kerkadministrasie vir aandag van:

GJJ van Rensburg
22 September 2015

**Direkteur:**
**Prof. IA Brink**
e-pos: direkteur@apk.co.za

Die Voorsitter / Skriba
Afrikaanse Protestantse Kerke

OMSENDBRIEF No. *9 / 2015*

**IS DIE GEMEENTE SE STATUTERE INLIGTING OP DATUM?**

Geagte Broeder / Suster

Langs hierdie weg 'n vriendelike herinnering aan u om die gemeente se statutere inligting op datum te kry en te hou, telkens as ampte roteer (verander).

Tans ervaar ons administratiewe probleme veral by instansies soos banke, die Akteskantoor, beleggingsinstellings en SAID.

Gemeentes wat eiendomme wil koop en verkoop se registrasie by die Akteskantoor kan onderhewig aan die stand van die gemeente se inkomstebelastingsake gestel word.

* Is die EMP201 (maandelikse LBS-oorbetalings) op datum (indien van toepassing),
* Is die 2 x IRP5 rekonsiliasies per jaar gedoen (indien van toepassing),
* Is die jaarlikse Inkomstebelastingopgawe ingedien.

Indien die gemeente nie inkomstebelastingopgawes indien nie, het SAID aangedui dat die gemeente se status as Vrygestelde Instansie opgeskort (kan) word en dat daar van vooraf aansoek gedoen sal moet word.

Banke en beleggingsinstellings begin ook om nie-winsgewende organisasies (NWO) se rekeninge te vries indien nie aan die FICA-wetgewing gehoor gegee word nie.

FICA-wetgewing behels in kort dat fidusiere persone aangewys moet word. Hierdie fidusiere persone is normaalweg diegene met tekenmagte of verkeer in uitvoerende ampte in die organisasie soos vasgestel deur die Konstitusie van die organisasie.
Verder behels dit dat die fidusiere persone, asook die organisasie ter sprake, elk, die bank of
instelling van 'n identiteit en 'n fisies geadresseerde diensterekening moet voorsien.

Aangesien Kerke nie-winsgewende instansies is, begin die banke en instellings nou ook vra na die Vrystellingsbriewe en NPO nommers van die gemeente soos deur die SAID uitgereik.

U moet seker maak datu gemeente 'n Vrystellingsbriefhet. Indien u nie een het nie, moet u asseblief 'n afskrif aanvra by die volgende epos adres: teu@sars.gov.za. Hulle gaan u vra na die gemeente se inkomstebelastingnommer en PBO nommer. Beide. hierdie nommers verskyn op die Vrystellingsbrief. Die inkomstebelastingnommer sou aan die gemeente d.m.v. 'n vonn IB 150 gegee gewees het met registrasie.

Ten einde opdatering te kan laat plaasvind by SAID, is 'n besluit deur 'n vergadering nodig en 'n skriftelike kennisgewing aan die SAID.

Indien u vasbrand met wie die aanvanklike fidusiere persone tydens die registrasieproses was, sal ons u die name kan gee indien u saam met die Sentrale kerkkantoor destyds aansoek gedoen het om vrystelling van inkomstebelasting.

Met vriendelike groete en seenwense

n. Direkteur van Kerkadministrasie

**Sentrale Kerkkantoor**
**Makoustraat 516**
**Monumentpark X2**
**0181**

**Posbus 25139**
**Monumentpark**
**0105**

**Tel: (012) 362-1390/1/2/3/4**
**Faks: (012) 362-2023**

**kobie**

**From:**
**Sent:** 13 February 2019 08:42 AM
**To:**
**Subject:**

---------- Forwarded message ---------
From: **Itumeleng Mabena** <Imabena@sars.gov.za>
Date: Thu, Feb 7, 2019 at 9:22 AM
Subject: FW: AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

<gkboek@netactive.co.za>, belasting@lucromid.co.za <belasting@lucromid.co.za>, JEAN-

UTOIT@GMAIL.COM <KANTOOR.JRDUTOIT@gmail.com>
Cc: Teu <Teu@sars.gov.za>

Dear Sir / Madam

**TAXPAYER: AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

**TAX REFERENCE NUMBER:**

According to our records, the 2004 to 2017 income tax returns are outstanding.

You are required in terms of the Act[1] to submit your IT12EI return twelve months after the financial year end of the organisation. Failure to do so is a criminal offence by law.

You are also referred to your approval letter dated 2004-08-02 wherein it is indicated that the submission of income tax returns is compulsory.

You are requested to submit the following documents within 21 business days from the date of this letter:

Until such time that all outstanding returns are submitted and all taxes are paid or an arrangement to pay off the tax debt is in place, the organisation will not be able to obtain a tax clearance certificate. An administrative non-compliance penalty will also be imposed for outstanding income tax returns

The following options are available to you for submission of the returns:

- Drop off at your nearest SARS branch
- Electronically via e-Filing

For further information or assistance, email your query to teu@sars.gov.za, visit the SARS website www.sars.gov.za call the TEU on 012 483 1700 or visit the TEU offices.

Kindly note that SARS will only be able to provide information to one of the office bearers or the accounting officer on record.

Regards,


**Itumeleng Mabena**

**Tax Exemption Unit**

South African Revenue Service

**Tel** 012 483 1700 **Fax** 010-2083301


SARS
At Your Service

Kindly rate our service by clicking the following link: Tax Exemption Unit

[1] section 25(1) of the Tax Administration Act,2011